Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, February 07, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Wanneer jy jou eie onderneming begin, is dit belangrik om 'n besigheid te bou, eerder as om net 'n inkomste vir jouself te skep.

Dink só voor jy eie saak begin

Bou 'n onderneming wat staande kan bly sonder jou

'N Gesprek die afgelope week met 'n werktuigkundige wat droom om sy eie saak te begin, het my laat dink daar moet talle sulkes onder ons lesers wees. Daarom ons onderwerp vandag, waar begin jy, waar lê die risiko's en hoe beplan jy?

Ek is daarvan oortuig dat 'n goeie ambagsman (of -vrou) wat nie lui is nie, nooit hoef honger te ly nie. Kom ons begin hiermee. Gevolglik my stelling, as jy wil, kan jy.

Is dit 'n stokperdjie of onderneming?

Begin deur te kyk na jou finansiële sake. Werk, of jy nou vir 'n salaris werk, of jou eie potjie krap, gaan oor die verdien van geld. As jy nie genoeg geld kan verdien om jou en jou gesin aan die lewe te hou nie, is dit nie 'n eie saak nie. Dis 'n stokperdjie.

Kyk dus eers na jou finansiële verpligtinge en behoefte aan inkomste voor jy bedank en hierdie wilde perd opsaal. Ek weet nie van kitsformules nie, maar hier is gedagtes uit eie ervaring, wat dalk as riglyn kan dien.

Ek is een van baie wat, ongeag kwalifikasies en ervaring, op 'n dag net te wit en te manlik was.

Ek en my vrou het saam besluit. Dit is belangrik. Kan ons vir 'n jaar op haar salaris alleen klaarkom, was die eerste vraag. Ons beplan dus dat ek geen inkomste gaan hê nie vir 'n jaar lank. Ons sou basies leef, maar polisse en dies meer moes in stand gehou word. Braaivleis en wyn is op die altaar geplaas.

En dan sou ek vasbyt vir ses maande. As ek geen inkomste kry in die ses maande nie, gaan ek nie tou opgooi nie, maar vir die volgende ses maande ook my oë oophou vir werkgeleenthede. As ek ná die jaar nie die ding aan die gang kon kry nie, sou ek alles staak en volstoom werk soek.

Dit het my net 'n maand geneem om seker te wees ek het die regte besluit geneem. Maar verwag liewer om die eerste drie jaar swaar te trek - die Bybel praat mos van 1 000 dae.

Delg eers jou skuld

Dit help natuurlik as jy nie skuld het nie. Skuld is seker een van die grootste meulstene waarmee 'n voornemende sake-eienaar te doen kan kry. My raad is om eers van jou skuld ontslae te raak, voor jy enige plan vir 'n eie saak aanroer.

En die logiese uitvloeisel hiervan is om nie jou saak te begin met skuld nie. Om jou alie af te werk net om aan die einde van die maand jou geldjies aan iemand te moet afstaan, is neerdrukkend.

Dinge gebeur, sorg dat jy dekking het

Wat my bring by die volgende punt. As jy bedank, kom jou werknemervoordele ook tot 'n einde. Jou sterfte- en ongeskiktheidsdekking by jou werkgewer verval. Maar jou behoefte aan hierdie risikodekking verval nie. Jy het steeds 'n gesin, of man of vrou, wat finansieel van jou afhanklik is.

Moenie in die slaggat trap van ek sal dit weer kry as dinge beter gaan nie. Dinge wag nie vir jou nie. Dinge gebeur soos hy wil. Hard werk aan 'n eie saak word beloon. Onnosel geldbesluite word gestraf.

Dieselfde wat betref jou aftreevoordele by die werk. Gebruik dit as jy moet, maar spaar dit as jy kan. En as jy dit gebruik, doen dit oordeelkundig, dalk om inkomste te voorsien vir die beginmaande (as jou plan soos myne lyk hierbo). Moet dit nie gebruik vir nuwe bakkies en ander spogitems nie. Daardie storie dat jy suksesvol moet lyk as jy 'n saak bedryf, is twak. Mense sien deur 'n windlawaai, glo my.

Bou 'n saak, nie 'n inkomste

En dan, beplan om 'n saak te bou wat mettertyd staande kan bly sonder jou. Ja, jy kan 'n sleutelrolspeler bly vir solank as jy wil, maar as die saak nie op eie bene kan staan nie, het jy nie 'n saak nie. Jy het bloot 'n bron van inkomste. En as jy ophou, of moeg is, of doodgaan, het die bron ook opgehou, of is moeg of dood.

Dink so hieraan, 'n man wat vir jare lank uit sy eie motorhuis aan ander se karre gewerk het en goeie geld verdien het, raak op 'n dag oud. Hy is nie meer so sterk nie. Hy het nie meer lus om so hard te werk nie. Maar hy kan nie ophou nie, want dan droog sy inkomste op.

As hy van die begin af iemand in diens geneem het wat hy kon oplei en deel van die saak maak, kon hy ophou werk, of minder werk en die saak kon nog vir hom sorg. Al is dit net as raadgewer. Of hy kon sy aandele verkoop as dit in 'n maatskappy was en met die geld aftree.

Wat my bring by die laaste punt vandag. Al is jou saak suksesvol, of liewer veral as hy suksesvol is, spaar 'n groot deel van jou inkomste vir anderdag. Die lewe verander en dit verander waar jy nie 'n sê oor het nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.